SURICATA

AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN HOËRSKOOL MONTANA

Tel: 023 347-0476
Faks: 086 464 6983
E-pos: hoof@monties.co.za
Webtuiste: www.monties.co.za
Facebook: Hoërskool Montana-Worcester

NUUSBRIEF 1 VAN 2020

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Met die aanvang van 'n nuwe jaar heers daar maar altyd 'n mate van onsekerheid en bekommernis oor wat voorlê. 'n Mens is geneig om bang te wees om doelwitte te stel, bang om groot te droom en 'n droom na te jaag, hoofsaaklik weens die vrees vir mislukking. Die meeste mense het 'n doelwit of 'n droom in hul gedagtes, maar is bang om hulle daartoe te verbind op papier of om dit daar te stel as 'n konkrete doel. Almal wil eers antwoorde hê op hul vrese voor hulle hulself verbind aan hul drome. Ek dink nie dit is verkeerd indien 'n mens helderheid wil hê nie, maar dit moet nie verhoed dat 'n mens jou droom uitleef nie

'n Voël sing nie omdat dit al die antwoorde ken nie, maar omdat dit 'n lied in die hart het. (Chinese spreuk)

Indien jy 'n lied het, moenie wag nie, begin sing! Sodra jy begin sing kan daar aanpassings gemaak word om twyfel uit die hart te kry en om helderheid te kry oor wat jy werklik wil hê. Indien jy nie tot die daad oorgaan en sing nie, sal die lied net in jou kop wees en jy sal die enigste persoon wees wat dit hoor. Moenie wag vir antwoorde nie, doen wat jy moet doen – sing die lied!

Identifiseer wat jou aktiveer, wat jou energie gee, wat jou motiveer, jou sterkpunte! Met ander woorde soek jou lied en begin om dit nou te sing!! Maak dit 'n treffer! *('n Verwerking van 'n skryfstuk deur Christo Spies)*

WELKOM

Baie welkom terug aan elkeen van u, elke nuwe leerder en ouer asook al die ou staatmakers. Ons wil veral die Minderkatte (gr. 8's) en hulle ouers, hartlik verwelkom by die Meerkatfamilie. Mag 2020 'n hoogtepunt vir u, u kind en die skool wees en mag die Here elkeen van ons seën met voorspoed en geluk. Mag die venootskap tussen leerder, onderwyser en ouer so sterk wees dat Hoërskool Montana ongekende hoogtes bereik.

Elkeen van die personeel verbonde aan Hoërskool Montana, besef dat ouers hul kosbaarste juwele aan ons toevertrou het. Ons glo dat ons elkeen van hierdie kosbare juwele, sal slyp tot die waardevolste juweel in die samelewing.

NUWE PERSONEEL

Graag verwelkom ons die volgende onderwyspersoneel wat Januarie by Hoërskool Montana aangesluit het:
Me Herma Breedt – Departementshoof wiskunde. Me Breedt is ook verantwoordelik vir die bedryf van die Wiskundesentrum.
Me Chantél Cilliers – Afrikaans; Me Rita Liversage – Verbruikerstudies en Tegnologie; Me Jenanda Swart – Internskap
Mnr Stiaan Gunter – Sportorganiseerder
Ons vertrou dat dit die begin van 'n lang en gelukkige verbintenis met *Hoërskool Montana* is.

LEED

Gedurende Desember en in Januarie het van die leerders en personeel geliefdes aan die dood afgestaan. Hiermee betuig ons ons innige simpatie en meelewing:
Mnr Jaco & Ricu Naudé (voorstitte van die SBL) met die afsterwe van hul pa en oupa.
Yanke Loff met die afsterwe van haar broer.
Die familie en vriende van mnr Henry Elderman, wat 23 jaar diens by Hoërskool Montana gehad het.
Shameega Voigt met die afsterwe van haar ouma.
Nicole Whiteman met die afsterwe van haar oupa.
Mag die Here u self in hierdie tyd vertroos. Ons eer hul nagedagtenis

MATRIEKUITSLAE 2019

Dit is 'n behoefte om my dank teenoor ons hemelse Vader te betuig en alle eer aan Hom te gee. Baie dankie aan elke leerder vir hul toegewyde werk en vasbyt en vir u as ouer wat hulle ondersteun het. Ek wil egter ons onderwysers uitsonder vir al hul geduld, voorbereiding en harde werk, soms in ongunstige situasies. Baie geluk aan elkeen van u wie se vakuitslae hoër as die WKOD se vakgemiddeld is. Ek salueer u.

Baie geluk aan me Laetitia van Heerden wat weer eens met die Afrikaans Huistaal onder die Top 10 skole in Suid Afrika eindig, bepaal volgens die persentasie A-gemiddeldes vir die vak. 2019 se groep het die negende posisie behaal. Hierdie prestasie is beslis nie te versmaai nie.



JUKSKEI

Ons wil hiermee die volgende leerders gelukwens met hul puik prestasies wat hul behaal het gedurende die SA Junior Kampioenskappe te Kroonstad.

- Gemengde dubbels afdeling o.16 - Mekyla Scholtz wen 'n goue medalje
- Wyeth Roberts opgeneem in die SA Akademie uitnodigingspan.
- Nikita en Wyeth Roberts verower brons medaljes in die o.19 Akademiese dubbelspan.
- Berna van der Walt verwerf haar SA A-Kleure in die o.19 span.
- Mekyla Scholtz behaal haar SA Kleure in die o.16 span.
- Zannie van der Walt - SA Uitnodigingspan tydens Provinsiale wedstryde o.16

Ons is voorwaar trots op hierdie leerders.

OUERVERGADERING

Baie dankie aan elkeen van u wat die oueraand verlede Dinsdagaand bygewoon het. Dit was vir ons lekker om te sien u gee werklik om vir u kind. Graag beklemtoon ons weer die volgende wat bespreek is:

- Kom ons werk hard aan die vennootskap tussen ouer, leerder en onderwyser.
- Ons maak seker dat die leerders elke dag, vir die volle duur van by die skool teenwoordig is.
- Ons maak erns met die akademiese aksieplan en aanvaar ons verantwoordelikhede – dit verskyn verder aan.
- Almal bevorder leerder- en ouerbetrokkenheid.
- Woon alle oueraande en –vergaderings by.
- Almal onderskryf die skool se gedragskode en tree eerder voorkomend op, soos om bv. seker te maak die leerders se voorkoms is volgens die skoolreëls.

GHOLFDAG

Op **Vrydag 7 Februarie** hou Montana hul 10de gholfdag te Worcester Gholfbaan. Dit beloof om 'n onvergeetlike dag te wees met baie pret en pryse om te wen.

Om van hierdie dag 'n sukses te maak vra ons graag u ondersteuning met die volgende:

A) 4-bal inskrywing @ R700 per speler of R2800 per span.
B) Borg van 'n afslaanbof waar u u maatskappy kan adverteer d.m.v. baniere, gazebo's, ens. @ R600.
C) Borg van 'n natgat waar iets ligs te ete en te drinke aangebied word.
D) Borg van pryse vir 'n 4-bal.

Kontak gerus vir mnr Du Plessis by die skool vir enige navrae.

KLEURE-ATLETIEK

Ons jaarlikse kleureatletiek vind plaas op Vrydag 31 Januarie 2020 vanaf 06:15 tot ±14:00. Hierdie is 'n gewone skooldag en dus verpligtend vir alle leerders.

Ons wil graag vra vir enige gazebo's of groot sambrele wat ons kan gebruik vir skadu vir ons beamptes. Indien u bereid is om u gazebo te leen kan u ook asb met mnr Kruger kontak maak.

Kom ondersteun gerus u kinders gedurende hierdie opwindende geleentheid. Toegangsgelde beloop R10 per volwassene.

BUITESPORT

Enige uitslae van leerders wat aan buitesport deelneem, moet teen Sondae om 20:00 aan Mnr Gunter by stiaangunter@gmail.com gestuur word.

MINDERKAT-KAMP

Die graad 8-kamp is gehou op 15 en 16 Januarie by Basecamp Adventures. Die kamp was baie suksesvol en die samewerking van al die kinders was baie goed. Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die sukses van hierdie kamp.

VERKEER BINNE SKOOLTERREIN

Ons versoek die ouers vriendelik om nie soggens by die personeel se parkeerarea en afdakke hul kinders af te laai nie, maar nader aan die sportsentrum. Dit veroorsaak dat personeel nie op hulle parkering kan stop nie.

AFWESIGHEDE & GEDEELTELIKE AFWESIGHEDE

Alle afwesighede moet asb teen 08:30 van die betrokke dag by **ontvangs** aangemeld word (023-347 0476).

Enige leerders wat laat kom, moet asb ook eers by ontvangs aanmeld alvorens hulle na hul klasse gaan.

TOPTIEN AKADEMIESE UITSLAE – 2019

GRAAD 8		
1	Ulrich Lourens	92,9
2	Engela Hoffman	88,8
3	Jané van Niekerk	86,4
4	Joy Johnson	81,8
5	Liam Tucker	80,9
6	Edunice Cloete	80,6
7	Irene du Toit	80,3
7	Zania le Roux	80,3
8	Estelle Makwak	80,2
9	Jacques Groenewald	79,8

GRAAD 9		
1	Aamirah Isaacs	90,2
2	Dané Saayman	90,1
3	Zanoushca le Grange	89,2
4	Edmaré Fortuin	88,6
5	Anke Jonker	85,4
6	Lisa Nieuwoudt	84,4
7	Marli Serfontein	83,0
8	Kayla Walker	82,3
9	Vidette Vorster	82,2
10	Arista Steenkamp	80,4

GRAAD 10		
1	Hendré Jacobs	90,3
2	Aasiyah Isaacs	79,6
3	Roché Cupido	74,6
4	Jan-Hendrik Wandrag	72,9
5	Franké Cupido	72,6
6	Courtney Settley	72,4
7	Chanél Whitehead	71,1
8	Juhandré Millen	70,7
9	Zelmari Bredenkamp	70,4
10	Cherique Celie	69,7

GRAAD 11		
1	Carli Jacobs	94,9
2	Chevonne Ashley	89,7
3	Talisa van Wyk	87,9
4	Niel Fourie	82,9
5	Johan Victor	80,1
6	Martli Theron	78,4
7	Jandrie Visagie	76,3
8	Mari van der Merwe	75,6
9	Ricu Naudé	73,7
10	Cate-Lynn Smith	73,4

DAGBOEK: 31 JANUARIE - 14 FEBRUARIE

31 Jan: **Kleureatletiek**
1 Feb: **Krieket:** o.19 vs Porterville (T)
3 Feb: **Dag 1**
SBL: Sport en kultuur verg.
4 Feb: **Dag 2**
Krieket: Dogters vs Gim (tuis)
5 Feb: **Dag 3**
Swemgala
6 Feb: **Dag 4**
Krieket: o.15 vs Gim (tuis)
7 Feb: **Dag 5**
Tennis
Gholfdag
8 Feb: **Fietsry:** WC XCO #1
Atletiek: Worcester Sone
10 Feb: **Dag 6**
Skryfboekkontrole Gr.8
SBL: Finansiële Kom Verg
Bloedskenk

11 Feb: **Dag 1**
Skryfboekkontrole Gr.9
Krieket: Dogters vs Montagu (tuis)
12 Feb: **Dag 2**
Skryfboekkontrole Gr.10
13 Feb: **Dag 3**
Krieket: o.15 vs Montagu (tuis)
Skryfboekkontrole Gr.11
SBL verg
14 Feb: **Dag 4**
VRL: Gr.8 toesprake en verkiesing
VRL: Piekniek en "Hoot for Love"
Valentynsbal
Skryfboekkontrole Gr.12
Tennis

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

TEMA VIR 2020: EENHEID KWEEK SUKSES

"Daar is geen groter uitdaging as selfverbetering nie."
Michael F Stanley

Geniet die naweek.

D J Diedericks
SKOOLHOOF